Hoërskool Oosterlig

Geskiedenis Graad 10

Opdrag 3 Datum: Gegee: 17-06-2020

Inhandig: 24-06-2020

Naam en Van:_____

Bestudeer die gegewe Bron en beantwoord dan die vrae wat volg. Maak ook gebruik van jou eie kennis waar van toepassing.

Hierdie bron fokus op die redes vir die anneksasie van die Xhosas se land deur die Britte.

> Dit is duidelik dat die begeerte na grond onder die oppervlak is van...argumente vir anneksasie as 'n manier om die vrede te bewaar... Die koloniste het geen waarde geheg aan die Xhosa-kultuur en -samelewing nie en het gedink die Xhosas moet loonarbeiders word. Ander koloniste het gehoop dat hulle sou kwyn en verdwyn onder die impak van wat hulle geglo het 'n 'sterker ras en hoër beskawing' was as die inheemse mense soos wat gebeur het met sommige kolonies in ander dele van die wêreld. Die goewerneurs aan die Kaap is beïnvloed deur hierdie idees en het besluit om die grense uit te brei en meer gebied te annekseer. [Hulle]... het amper altyd die argument aanvaar dat uitbreiding verdere oorlog sou verhoed.
>
> [Vanuit: *In the Years of conquest* deur R. Cope]

Hierdie bron handel oor Sarhili, 'n Xhosa-opperhoof wat homself vir die veeslagting blameer.

> Ek was 'n groot dwaas om na leuens te luister. Ek is nie meer 'n hoofman nie. Ek was 'n goeie hoofman, die seun van Hintsa, wat my ryk nagelaat het met beeste en mense, maar ek is mislei om my beeste te vernietig en om my mense te beveel om dieselfde te doen; en nou word ek alleen agtergelaat terwyl my mense skarrel om kos te vind; ek is dus nie meer 'n hoofman nie. Dit is alles my skuld; ek het net myself om te blameer.
>
> As gevolg hiervan het die Xhosas 600 000 hektaar vrugbare grond verloor, 400 000 vee was doodgemaak, 150 000 mense moes hul land verlaat en 40 000 mense het van hongerte gesterf.
>
> [Vanuit: *George Grey and the Xhosas* deur G. Weldon]

1.1 Wie, volgens die bron, was Sarhili?

_____

_____

(1 x 2) (2)

1.2 Gebruik jou eie kennis en verduidelik waarom Sarhili die profesie geïmplementeer het.

_____

_____

_____

(1 x 2) (2)

1.3 Gebruik jou eie kennis en verduidelik na watter leuens Sarhili verwys het.

_____

_____

_____

_____

(1 x 2) (2)

1.4 Wat, volgens die bron, het Sarhili verloor omdat hy na die leuens geluister het?

_____

_____

_____

_____

_____

_____

(3 x 1) (3)

1.5 Gee die naam van die meisie wie die profesie van die veeslagting gemaak het.

(1 x 2) (2)

1.6 Gebruik die bron en jou eie kennis en verduidelik die rampspoedige gevolge wat die veeslagting op die Xhosas gehad het.

(1 x 2) (2)

1.7 Gebruik die inligting in die Bron en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer SEWE reëls (70 woorde) om te verduidelik hoe Britse beheer die politieke, ekonomiese en sosiale landskap van die Kaap verander het.

(7) [20]